



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N6
(4090506)

10 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

033Q1B2010

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.
 2. Beantwoord al die vrae.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 5. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A**VRAAG 1: ONTLEDING EN UITLEG VAN BOERDERYRESULTATE**

- 1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.
- 1.1.1 Grondhuur en rente op skuld is nie die enigste items waaruit vergoeding vir buitelandse kapitaal met betrekking tot 'n boerdery-onderneming bestaan nie. 
- 1.1.2 Boerderywins kan uitruilbaar gebruik word met vergoeding vir eie arbeidsinsette, eie kapitaal, eie bestuur en entrepreneurskap.
- 1.1.3 Een produksievertakking, hoewel nie baie winsgewend nie, kan bydra tot hoë winsgewendheid van 'n ander produksievertakking.
- 1.1.4 Die waarde van ontleding moet nie onderskat of oorskat word nie.
- 1.1.5 Takontleding probeer onder andere om relatiewe winsgewendheid vas te stel.  (5 × 1) (5)
- 1.2 Noem DRIE belangrike balansstaat-/inkomstestaatontledings van 'n boerdery. (3)
- 1.3 Noem DRIE faktore wat tot die onbevredigende winsgewendheid van boerdery-ondernemings kan lei. (3)
- 1.4 Watter DRIE faktore, buiten die grootte van 'n boerdery-onderneming, word toegeskryf aan lae bruto produksie?  (3)
- 1.5 Noem DRIE koste-items wat normaalweg geklassifiseer kan word as direk toewysbare ('directly allocatable') veranderlike koste. (3)
- 1.6 Noem DRIE koste-items wat 'n uitdaging kan bied om 'n boerdery-onderneming te klassifiseer. (3)

- 1.7 Die volgende uitgawe- en brutoproduksie-inligting is uit die boeke van Blessing Farm in Tzaneen geneem, wat braaihoenders en 'n kontantgewas lewer. Die totale oppervlak wat bewerk word, is 20 ha. Verslae toon dat 40 000 braaihoenders jaarliks verkoop word.



KOSTE	BEDRAG IN RAND
Saagsels	25 000
Dagoudkuikens	340 000
Inenting	5 000
Brandstof en olie	100 000
Elektrisiteit	50 000
Arbeid	200 000
Herstellkoste	50 000
Bemesting en saad	25 000
Insekdoders	10 000
Rente op lening	20 000
Grondhuur (5 ha)	80 000

Bykomende inligting:

Boekwaarde van toerusting: R500 000
 Mannekraginsette: 200 dae
 Eenheidsprys van braaihoenders: R50,00
 400 000 koolkoppe verkoop teen R5 elk

Gebruik die inligting om die volgende te bepaal. Wys alle berekeninge.

- 1.7.1 Bruto produksiewaarde van plaas 
- 1.7.2 Verhouding tussen mannekrag en bewerkte oppervlak
- 1.7.3 Verhouding tussen mannekragkoste en bewerkte oppervlak
- 1.7.4 Verhouding tussen bruto produksiewaarde en arbeidskoste
- 1.7.5 Verhouding tussen toerustingkoste en bewerkte oppervlak
- 1.7.6 Doeltreffendheid van gewasonderneming
- (6 × 5) (30)
[50]
- TOTAAL AFDELING A: 50**

AFDELING B**VRAAG 2: PLAASMEGANISASIE EN -GEBOU**

- 2.1 Gee VYF voordele van die meganisering van boerdery-ondernemingsbedrywighede. (10)
- 2.2 Noem VYF aspekte om in ag te neem wanneer daar gekies moet word tussen die koop of huur van plaasimplemente. (10)
- 2.3 Noem VYF faktore wat 'n boer in ag moet neem voordat hy gebruikte implemente koop. (10)
- 2.4 Watter vrae moet 'n boer hom afvra om die korrekte implemente te kan kies? (5 × 2) (10)
- 2.5 Wat is die voordele daarvan om nuwe plaasgeboue op te rig? (5 × 2) (10)
- [50]**

VRAAG 3: REG OP GROND

- 3.1 Ndwande en Koos stel albei daarin belang om 'n plaas te koop wat in KwaZulu-Natal op die mark is. Albei beskou die netto boerdery-inkomste van R400 000 as bereikbaar en realisties. Hulle sal van die plaas afhanklik wees vir hulle persoonlike en ander gesinsonkoste.

Ndwande:

Lewenskoste	R150 000 per jaar
Kapitalisasiekoers	14%
Bykomende kapitaalvereiste	R500 000

Koos:

Lewenskoste	R200 000 per jaar
Kapitalisasiekoers	12%
Bykomende kapitaalvereiste	R300 000

Gebruik die inligting hierbo om die vrae te beantwoord.

- 3.1.1 Bereken die grondprys volgens Ndwande se vereistes. (6)
- 3.1.2 Bereken die grondprys volgens Koos se vereistes. (6)
- 3.1.3 Watter prysingsmetode gebruik Koos en Ndwande? (2)
- 3.2 Noem VYF algemene aspekte wat 'n boer in ag moet neem sodat 'n huurooreenkoms sy oogmerke en teikens bereik. (10)

- 3.3 Skryf kort notas oor elk van die volgende konsepte:
- 3.3.1 Grondrestitusie ('Land restitution')
 - 3.3.2 Grondhervorming ('Land reform') 
 - 3.3.3 Grondonteiening (3 × 2) (6)
- 3.4 Gee die formules om elk van die volgende in verband met die koop van grond te bepaal:
- 3.4.1 Maksimum verbandlening (2)
 - 3.4.2 Minimum eie kapitaal  (2 × 2) (4)
- 3.5 Gee SEWE redes waarom daar geen ooglopende gevolgtrekking is oor waarom dit voordeliger is om grond te koop eerder as om dit vir boerderydoeleindes te huur nie. (14)
[50]

VRAAG 4: ONTWIKKELING VAN BOERDERYSTRATEGIE

- 4.1 Noem en bespreek DRIE verskillende soorte risiko's en onsekerhede by boerdery. (3 × 5) (15)
- 4.2 Gee NEGE bestuurstrategieë en dinge wat boere kan doen om die risiko's en onsekerhede van boerdery te verminder. (18)
- 4.3 Gee SES faktore wat die winsgewendheid van 'n oes beïnvloed.  (6)
- 4.4 Noem SES faktore waaroor die boer beheer het wat 'n invloed op oesopbrengs kan hê. (6)
- 4.5 Noem VYF redes waarom dit belangrik is om oogmerke en teikens in 'n boerdery-onderneming te stel. (5)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200